ANCHORS AWEIGH BODY CORPORATE
*Tel : 039 699 2805*
*Fax: 086 535 7019*
*P O Box 326*
*HIBBERDENE*
*4220*
admin@anchors-aweigh.info

---

**Notule van trustee vergadering gehou op**
**22 Maart 2014 by 154 Anchors Aweigh**

| Teenwoordig: | Afwesig | Verskoning: |
|---|---|---|
| Andre Stewart | | Dirk Winterbach |
| Johan van Emmenes | | Chris Steyn |
| Wentzel Stewart | | |
| Faan van Emmenes | | |
| Hennie Grobler | | |

| Item | Besonderhede | Persoon verantwoordelik |
|---|---|---|
| 1. | **Verwelkoming:**<br>Johan verwelkom al die trustees. Bevestig dat agenda aanvaarbaar is. | |
| 2. | **Minutes goedkeuring:**<br>Die vorige minutes word deurgegaan en aanvaar met die volgende veranderinge:<br>1) Versekerings komitee moet Wentzel by hê. Oom Hennie bly die lead met Wentzel as hulp<br>2) Oom Hennie vra ons minutes reg is oor waar meeting is. Bevestig dat die datums en plek korrek is.<br>3) Faan vra dat daar 'n stort opgesit word sodat die mense gaan ***strot*** voor hulle in die swembad in klim. – Moet lees ***Stort*** | |
| 3. | **Admin:**<br>Johan bedank oom Ben vir sy hulp in die kantoor.<br>Bevestig dat die Anchors email nou deur Johan en Dirk hanteer word. As daar iets met building is dan forward ons dit vir Andre en versekering vir oom Hennie.<br>Andre gee terugvoer oor Pam Golding. Hulle vra ons R60 per eenheid en behels totale management en met onderhandelinge van die trustees iemand 2 of 3 dae in die kantoor.<br>Hulle sal verantwoordelik wees om alle toerusting in die kantoor te voorsien.<br>Die trustees bespreek die voordele en nadele rondom die management deur Status en Pam Golding.<br>Johan stel voor dat ons Andre vra om die onderhandelinge vir ons verder te vat en n ooreenkoms in plek kry om oor te neem by Status vanaf Junie 2014. Alle trustees teenwoordig stem saam.<br><br>Navrae van Tannie Amelia of alle eienaars WiFi mag gebruik word | Andre – Pam Golding kontrak<br><br>Oom Ben – Paal vir Wifi versterker. |

| | | |
|---|---|---|
| | beantwoord. Oom Ben kan eienaars help met log on details. Oom Ben moet vir ons kostes kry om toring/paal op te sit om sein weier te kry vanaf sy versterker. Body Corporate sal die koste dra daarvoor.<br><br>Wentzel vra of posbus betaal is. Johan bevestig dat Oom Ben hom vir ons betaal het. Dit bly nou Anchors se posbus. Die fisiese adres bly Domicilli. | |
| **4.**<br>**4.1** | **Torgos:**<br>Dirk nog in proses met prokureur in Durban. Ons is baie naby aan n antwoord en behoort binne die volgende week of twee n antwoord te hê.<br>Andre herhaal dat as Torgos afgehandel is ons sal moet kyk na die instandhouding van alles. | Dirk – Finaliseer |
| **5.**<br>**5.1** | **Datums van vergaderings:**<br>Tustee vergadering – 14de Junie 2014 te Crowthorne Lodge<br><br>Trustee vergadering – 27ste September 2014 te Anchors Aweigh<br><br>AGM 20ste Desember 2014 te Anchors Aweigh (Kort bespreking of waar meeting gehou moet word. Van die eienaars teenwoordig sê dat nie almal Desember hier is nie. Besluit om eers hier by te hou) | |
| **6.**<br>**6.1** | **Finansies:**<br>Almal lewer komentaar oor hoe goed die badkamers uitgekom het.<br><br>Ons gaan net die latte om swembad klaarmaak tot by die kant.<br><br>Maart 2014 – 17de van die maand<br><br>Anchors Owners account – R319 000<br><br>Moet nog betaal Munisipale rekening R23000<br><br>Available R296 000<br><br>Arrears: R56 000<br><br>Advances: R70 000<br><br>Net Saldo: R170 000<br><br>Insurance geld R143 000 available voor laaste salarisse en goed wat reeds gedoen is nie.<br><br>Oom Tom vra of ons nie eienaars kan nader om alternatiewelike dakke op te sit en help te finansier uit die balans van versekring | |

| | | |
|---|---|---|
| | geld. Sal dit oorweeg. | |
| **7.** | **Versekerings verslag:**<br>Oom Hennie gee terugvoer oor versekering. Bevestig dat die skedule nou behoorlik opgedateer is.<br>19 Februarie het ABSA gevra vir 7 nuwe punte om te verander aan kontrak na herevaluasie.<br>Die twee punte rondom weerlig afleiers en dakke wat behandel moet word is steeds uitstaande.<br>Status Mark en Oom Hennie het saam Best Sure ontmoet om die vereistes te evalueer op 13 Maart 2014. Die move vanaf Reece Brokers is geneem sonder input van trustees en is sub judice.<br>Oom Hennie verwys ook na n paar dinge in die kontrak wat verkeerd is soos naam in polis en standaard dakke wat Thatch moet wees.<br><br>Escape route plan moet nog opgestel word.<br><br>Verskeie komentaar rondom die versekeringsposisie word gelewer. Ons moet probeer vir die beste alternatief. Alle trustees moet help.<br><br>Maurice vra wat gebeur met heining bo langs die draad en die pad. Die kontrakteur word gevra om te kyk waar hy kan help om dit verbeter. | Oom Hennie – Escape plan<br><br>All trustees – alternatiewe vir versekering<br><br>Fanie – heining en pad bo by Maurice |
| **8.** | **Kommunikasie:**<br>Borde sal opgesit word om almal in te lig oor die reels. Eienaars word gevra om te help seker maak almal hou by reels insluitend vakansie gangers en huurders.<br><br>Oom Tom vra vir terugvoer oor die AGM. Andre vra dat hy die persoon vra vir wie hy sy proxy gegee het. Die animal farm word bespreek rondom permitte en reels en wie betaal nou eintlik vir diere se kos.<br><br>Verduidelik dat Meisie bereid is om te help met besoek aan diere plaas en dat eienaars nog altyd betaal vir kos. Dit is net n klein gedeelte van die totale koste.<br><br>Navraag oor hek vanaf oom Tom. Die hek sal voortaan permanent met die selfoon oopgemaak word.<br><br>Facebook is n probleem. Ons moet n besluit neem oor eienaars wat dit gebruik as mond uitwas plek. | |
| **9.** | **Verhurings komitee :**<br>Wentzel bevestig dat alle huurders ingelig is oor die verhoging en effektief is vanaf 1 Maart 2014. | Wentzel/Hennie – ooreenkoms vir saal |

| | | |
|---|---|---|
| | All huurders is ook ingelig oor die instandhouding in gevolge die ooreenkoms.<br>Oom Hennie gee terugvoer oor die kragmeters. Eenhede 26, 32, 94, 142,157, 158 nog nie betaal nie.<br><br>8 bokse in vooraad<br><br>Die voorstel vir die saal bo word bespreek. Jacques se pa is in die hospitaal en het nog nie n finale voorstel hier nie. N detail ooreenkoms moet in plek gestel word.<br><br>Ook die nuwe karavaan park eienaars het Johan gekontak. Hulle wil weet wat die trustees se vereistes sal wees. Andre wys daarop dat dit tot voordeel moet wees van die oord. Huur moet die sekuriteit en tuindienste cover. Dit moet n lushof wees en tot voordeel van alle eienaars. Andre noem dat n ander eienaar ook kyk na opsies op die karavaanpark. | |
| **10.** | **Bou komitee:**<br>Maurice wil weet of die kontrakteur n deksel gaan sit op die nuwe waterkoppeling.<br><br>Kontrakteur sal gaan kyk.<br><br>Maurice kla oor die parkering. Hy beweer dat daar groot probleem is tessun eienaars, huurders en vakansiegangers. Die trustees sal moet n parkering plan uitsit met maks 2 voertuie per eenheid.<br><br>Andre noem dat die trustees kyk na n addisionele fooi vir meer as 2 voertuie per eenheid.<br><br>Andre noem dat alles rustig is en dat dit net Oom Barney wat sy dek wil laat uitbou. Ons moet vir hom n brief stuur oor sy afdak wat besig is om skeef te trek. Dit is gevaarlik.<br><br>Chris wil n omheining by sy dek laat sit en Michelle hulle se planne is in wording vir veranderinge. Nr 94 wil ook n dek/stoep laat bou.<br><br>Amelia vra of sy haar tuin kan toemaak met paaltjies. Andre antwoord dat eienaars toestemming moet vra om dit te doen en die tuindienste moet dit kan access. | |
| **11.** | **Gladiator/Thatchers:**<br>Die kamera sisteem van Galdiator is raak geslaan deur die weerlig. Dit is deel van ons ooreenkoms dat die sisteem moet werk en record. Ook uitdrukke van die klok sisteem is nie gereeld beskikbaar nie.<br>Die trustees stel ondersoek in na alternatiewe. | |

| | | |
|---|---|---|
| | Andre noem dat eienaars wat kameras wil laat insit om hulle eenhede moet asseblief so doen. Praat met jou bure en kontak die regte mense om dit op standaard in te sit.<br>Die besluit rondom thathers word geneem om hulle as onafhanklike kontrakteure aan te stel. Hulle sal elke dak voor kwoteer en die trustees sal besluit om dit te aanvaar al dan nie. Hulle sal verantwoordelik wees vir hulle eie PAYE en Workmans Compensation | |
| **12.** | **Registrasie van eenhede:**<br>Eienaars moet hulle planne indien om te laat registreer.<br><br>Iona sal vir ons n kontak gee van iemand wat afdakke en so aan kan laat registreer as bulk. | |
| **13.** | **Safari vergadering:**<br>Elke eienaar is verantwoordelik vir sy tuine. So nie gaan ons dit afsny en kort hou. | |
| **14.** | **Algemeen:**<br>Johan bedank almal teenwoordig en ook die eienaars vir hulle belanstelling en bydraes. | |